Die Groot Evangelie van Johannes - Boek 11 - Abba Vader aan Leopold Engel gedikteer deur die Innerlike Woord
Die opwekking van Laserus

**Hoofstuk 36** Omdat Maria nog altyd huilend in My arm gelê het, vra Ek aan die Judeërs, om hulle op die proef te stel: "Waar het julle hom neergelê? "Want hulle moes geweet het dat die plek wel baie bekend was vir My.

[2] Maar hulle sê (die **Judeërs**): "Meester, kom en kyk!", en hulle draai om om vir My die weg te toon.

[3] Ook Maria droog haar trane af, maak haar los uit My arm en loop vooruit om My die weg te toon.

[4] **Het Hy, wat alle weë ken, gidse nodig? - En My oë was vol trane.**

[5] Toe sê die Judeërs onder mekaar: "Kyk, hoe het Hy hom liefgehad!"

[6] **Nota bene**. As die mense sou geweet het wat die gebeure alles bevat, en wat dit in die geestelike wêreld beteken, sou hulle nooit of te nimmer meer daaraan getwyfel het dat Elohim enkel en alleen liefde is nie!

[7] **Dit moet bewaar bly vir latere skrywers**, wanneer die harte ontvankliker en suiwerder geword het, om die diepste hartsgeheime van die ewige Gees van Elohim duidelik te maak en in gepaste woorde vir die gelowige, kinderlike gemoed weer te gee, sodat hulle kan insien hoe oneindig groot en onuitputlik die bron van My liefde is. Amen.

[8] Enkele van die Judeërs, wat met Efraim saamgekom het, fluister nou onder mekaar, wysend op die wonder wat Ek aan die blinde langs die weg na Jerigo verrig het: "Kan hy, wat die blinde sy oë geopen het, nie ook daarvoor gesorg het dat Laserus nie gesterf het nie?!"

[9] Opnuut ondervind My innerlike - omdat al hierdie woorde, hoewel hulle vir diegene wat om My heen gestaan het, nie hoorbaar was nie, terwyl hulle vir My wel duidelik te hore was - **`n diepe weemoed vanweë die feit dat hulle geloof so weinig lewend was.**

[10] En Ek wend My tot My leerling Johannes, wat naas My loop en sê aan hom: "Johannes, as jy berig oor die daad waarvoor Ek My nou na die graf begeef, berig dan ook oor die twyfelaars, omdat die latere geslagte `n duidelike teken sal hê hoe weinig nut wondere het, en dat alle krag net leef in die woord, wat van geloof deurtrek is! Daarom moet Myne ook in latere tye alleen **met die skerpste wapen stry**; want wat van Elohim is, is onfeilbaar vanweë die innerlike, blywende wese!"

[11] Ons kom nou by die graf, wat buite Betánië lê op `n plek met `n oop uitsig, omgeef deur olyfbome en struikgewas, en wat in die rotse uitgekap was. Laserus het dit al tydens sy lewe laat maak, omdat dit vroeër `n geliefde gedagte van hom was om op sy landgoed te rus en as te ware ook na sy dood `n beskermer daarvan te wees. Die graf, wat selfs nou nog aanwesig is, maar geensins die graf is wat aan vreemdelinge en reisigers getoon word nie, was nie op die gebruiklike manier van die Judese graftes gemaak met `n voorkamer en `n graf nis nie, maar meer op die wyse van die Romeinse begraafplase of columbaria.* (*Columbarium: `n Ruimte waar vase met die as van oorledenes bewaar word.)

[12] Daar was `n diep gang in die rotse gekap, taamlik hoog gewelf, en aan die einde daarvan was `n dieper gedeelte in die rots, waar die dode in gelê was, afgedek deur `n groot vierkantige klip, wat maar moeisaam weg te wentel was. Hierdie gang moes volgens die idee van Laserus regs en links nisse bevat vir die toekomstige graftes van sy susters. Maar hulle wou nie reeds tydens hulle lewe hulle toekomstige grafte leer ken het nie; daarom het hulle broer dit agterweë gelaat en één enkele graf gemaak.

[13] Toe Ons by die graf kom, sê **Ek** aan enkele knegte van Laserus, wat besig was om die omgewing van die graf in orde te kry en nou nuuskierig toekyk wat daar sou gebeur: "Tel op die klip van die graf!"

[14] Ongelowig hoor hulle My oproep, en Martha, wat hulle nie te verstaan gee dat hulle My bevel moes opvolg nie, sê op besorgde toon aan My: "**Meester, hy stink al; want hy lê al vier dae daar!"**

[15] Ek antwoord haar: "Martha, waarom bied jy teenstand teen My woord? Het Ek jou nie gesê dat jy die heerlikheid van Elohim sal sien nie, as jy glo?! - Doen dan wat Ek julle gesê het!"

[16] Toe tel hulle met veel moeite die swaar klip van die graf, en onmiddellik loop die arbeiders weg van die graf vanweë die slegte geur wat van die dooie af kom. Daarom kon niemand ook vlakby die rotsgang bly nie, maar diegene wat saamgekom het, gaan staan opsy, verwonderd en vol verwagting toekykend wat Ek gaan doen.

[17] Ek gaan egter by die ingang van die rotsgang staan en sê met harde stem: "Vader, Ek dank U dat U My, U Seun, verhoor het! Maar Ek weet dat U My altyd hoor; want U stem leef en klink in My. Nie ter wille van Myself nie, maar ter wille van die volk wat hier rondom staan sê Ek dit, sodat hulle eindelik geheel en al sal glo en insien dat U My gestuur het en dat U in My leef, soos Ek in U!"

[18] Na hierdie woorde wend Ek My na die graf en roep met harde stem: "**Laserus, kom hier uit!"**

[19] Onmiddellik verdwyn die slegte geur, en die liggaam wat opgewek is, begin hom te beweeg. Maria en Martha, wat in hulle hart gevoel het wat daar sou gebeur, toe Ek my na die graf begeef, **maar tog die twyfel in hulle gevoel het of Ek daarin sou slaag** - soos wat elkeen altyd eerder glo wanneer dit oor ander gaan, maar as dit oor homself gaan, veel minder geloof aan die dag lê - skreeu dit uit van blydskap en hardloop die graf binne.

[20] Laserus was egter heeltemal in lykdoeke gehul, sy gesig bedek met `n sweetdoek. Hy het regop gaan sit en sit in die graf soos iemand wat uit `n diepe slaap ontwaak en sy gedagtes nog nie goed kon versamel

nie.
[21] Daarom sê Ek aan sy susters: "Maak die doeke los en laat hom gaan!"

Die bekering van baie Judeërs

**Hoofstuk 37** Toe dit gebeur het, herken Laserus My dadelik en kom vinnig na My toe. Hy kniel voor My neer en roep hardop uit: "My Meester en My Elohim!"
[2] Ek tel hom egter op, druk hom teen My bors en sê: "Laserus, jy het deur My die dood oorwin - sorg dat jy dit ook sonder My hulp kan; want `n mens is eers werklik vry van alle bande van die dood, **wanneer hy uit homself My Krag na hom toe trek en dan as oorwinnaar en heerser uit sy graf tree, waarin sy siel sluimer!** - Maar gaan nou na binne en versterk jou, sodat jou liggaam nuwe kragte kan versamel vir die aardse lewe!"
[3] Laserus spreek verder geen woord nie, maar groet swyend en loop, gesteun deur sy susters, langsaam, gekleed in die grafgewaad, na die huis toe.
[4] Alle ander wat by hierdie gebeurtenis aanwesig was, word egter so deur verbasing aangegryp, dat hulle eers na geruime tyd woorde vind om uitdrukking daaraan te gee.
[5] Veral die Judeërs, wat hulle aanvanklik twyfelend uitgelaat het oor My wonderkrag, kyk met `n angstige skroom in My rigting, sodat **Ek** aan hulle sê: "Is julle bang vir My, noudat julle gesien het dat Ek die dood kan gebied? Sien julle dan nie dat Ek `n Meester van die lewens is nie?! Maar as julle Die vrees, wat sal daar dan gebeur as julle weet dat Ek die dood as begeleier met My meevoer?! Het julle nie alle redes om te juig nie? Waarom aarsel julle dus?"
[6] Een van hulle, wat voorheen as woordvoerder vir die ander opgetree het, sê: "Meester, ons sien nou wel baie duidelik in dat in U werklik al Elohim se krag beliggaam is; maar as ons dit insien, moet ons dan nie bang wees om teenoor Hom te staan, wie se asem ons in die lewe geroep het en wat ons vanweë ons vele sondes weer met één asemteug sou kan vernietig nie? Want sien, hoe erbarmlik ons in U oë is en hoe nutteloos in wat ons doen – dit het nou vir ons baie duidelik geword, nadat ons oë die werk van U mag gesien het! Ons is daarom bang, hoe ons voor U kan bestaan!"
[7] **Ek** sê: "As geregtigheid die enigste eienskap van Elohim sou wees, sou julle nie - en geeneen van almal hier - voor My kon bestaan nie; want daar is geen haar aan julle, wat nie aan die sonde en daarmee aan die vernietiging ten prooi geval het nie! Maar **Elohim se liefde, sagmoedigheid en barmhartigheid** is selfs oneindiger as die oneindigheid van die totale heelal, en daarom vergeet Hy selfs nie eers **die minste van alle skepsele** wat Hy ooit geskape het nie.
[8] Hy wil egter vir julle almal **`n liefderyke Vader** wees - geen Elohim vir wie se toorn julle sidder en bewe nie. Die Elohim van die wraak leef net in julle **fantasie**. Julle het dit van Hom gemaak, omdat alleen `n wraaksugtige, strenge Elohim vir die Judeërs werd lyk om vereer te word; daarom word daar deur hulle ook soveel nadruk gelê op die veelvuldige strafgerigte, wat egter nooit egte strafgerigte nie, **maar enkel en alleen gevolge van die slegtheid, domheid en verstoktheid van die mense was.**
[9] **Ek is egter die Vader self, wat nou in mens-gedaante neergedaal het** om die mense Sy meer as groot liefde te bewys en die poorte van die lewens vir hulle te open, wat julleself versper het. Waarom vrees julle dan, as julle sien dat Ek die poorte van die dood oopbreek, sodat die lewe in volle strome kan binnegaan?"
[10] Die **woordvoerder**, wat nou vertroue kry en digterby kom, sê: "O Meester, ons is ook nie meer bang nie! As U ons sou wil aanneem, sou ons graag ewig by U bly!"
[11] Ek sê: "Het julle ooit gehoor dat Ek iemand wat na My verlang, afgewys het? - **Kom daarom almal na My toe, omdat Ek julle verkwik en nou volkome vrymaak van alle bande van die dood!"**
[12] Na hierdie woorde hardloop al die aarselende toeskouers na My toe, en ieder van hulle probeer My hande te gryp of My kleed aan te raak. Daarby staan hulle almal met trane in die oë; want hulle word magtig **deurdring van My Gees van liefde**, wat in hulle `n vurige verlange na My wek.
[13] Ek maan hulle nou tot kalmte en om saam met My na Laserus te gaan, wat intussen die huis bereik het en deur die talryke personeel van sy huis aanvanklik as `n spook aangestaar word, maar toe, na die verklarende woorde van sy susters, met groot gejuig omring word; want Laserus was `n baie regverdige man, wat deur elkeen in sy huis baie bemin was. Deur sy dood het egter die voortbestaan van sy landgoed baie onseker geword, omdat - soos al eerder vermeld - Laserus geen manlike erfgename nagelaat het nie, sodat die vele arbeiders, diensmaagde en knegte, wat op sy landgoed werksaam was, baie besorg was vir hulle verdere werkgeleenthede en veral oor wie hulle toekomstige meester sou wees. Nou was die besorgdheid skielik oorbodig, en die gejuig was in tweërlei opsig - naamlik vanweë Laserus en vanweë hulle eie, vrye toekoms - uiters blymoedig.
[14] Dit is nie moeilik jou voor te stel hoe Ek by die binnegaan van die huis, nadat die eerste vreugderoes vervlieg was, nou deur almal bestorm en begroet word as Redder uit hoë nood nie. Ek neem al die dankseggings vriendelik in ontvangs en sê aan hulle, wat werklik dronk van vreugde was, om aan JaHWeH hulle dank te bring en Hom te dank wat **in die Menseseun** sulke groot dinge volbring het. Ek moes daar so spreek, omdat vele van hulle **nog lank nie daarvoor ryp was** om te weet dat Ekself die Meester (JaHWeH) was, wie hulle dank moes geld.
[15] Laserus, wat hom intussen met spys en drank versterk het en nou frisser en opgewekter was as ooit tevore, gee opdrag tot `n groot feesmaal, wat volgens Judese gebruik by geen enkele blye geleentheid mag ontbreek nie. Hy nooi My uit om dit met syne te deel en vra of hy ook sy bure mag uitnooi, wat nog nie aanwesig was nie. Dit staan Ek hom graag toe; want dit stem ooreen met My wil dat hierdie daad in die wydste kringe bekend sou raak, omdat nou begin sou word met die **laaste en grootste visvangs vir My ryk**.